## Huiswerkvel 26 (Hoofstuk 13) Taal en opsomming

**Vraag 1: Taal**
Lees die uittreksel oor Sheri Brynard en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

**Sheri Brynard**

1. Sheri Brynard is 'n (1.1) <u>30 jarige</u> Suid-Afrikaanse (1.2) <u>dame</u> van Bloemfontein wat met downsindroom leef. Sy het iets reggekry wat geen ander downsindroom-persoon nog kon doen nie. Sy het as 'n assistent-onderwyseres in 'n openbare (1.3) <u>skool</u> gekwalifiseer en sy is 'n nasionale en internasionale motiveringspreker.
2. Sy is die enigste persoon in die wêreld met downsindroom wat 'n (1.4) tersiere kwalifikasie ontvang het toe sy aan die Nasionale Tegniese Kollege in Bloemfontein haar graad voltooi het.
3. Dit volg nadat sy 'n (1.5) "<u>gewone</u>" skool bygewoon het en daar ook suksesvol was.
4 Sy werk hard daaraan om vooroordele wat mense oor downsindroom-kinders het, uit die weg te ruim. Sy vertel gereeld haar storie by skole, besighede, kerke, konferensies en jeugbyeenkomste in (1.6) <u>Suid-Afrika</u> en oorsee.
5. Sy het ook 'n klein (1.7) <u>rol</u> in die (1.8) <u>TV</u>-produksie *Binnelanders* vertolk. (1.9) <u>Behalwe haar liefde vir toneelspel en openbare optredes is sy ook besig om haar eie boek te skryf</u>. Dit is 'n groot prestasie en sal meer deure vir mense met intellektuele agterstande oopmaak.
6. Sy is die ambassadeur vir Downsindroom SA en dien ook (1.10) <u>in die</u> raad van die internasionale Downsindroom-vereniging. (www.betheherofoundation.org/sheri-brynard-down-syndrome.htm)

1.1 Gee die **korrekte spelling** van **30 jarige.** (1)

1.2 Gee die **verkleinwoord** van *dame.* (1)

1.3 Gee die **meervoud** van *skool.* (1)

1.4 Gee die **korrekte spelling** van *tersiere.* (1)

1.5 Waarom word "gewone" tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

1.6 Gee die korrekte **afkorting** van *Suid-Afrika.* (1)

1.7 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte woord. (1)

1.8 Waarvoor staan die **afkorting** TV? (1)

1.9 Skryf die sin uit en vul die **ontbrekende leesteken** in:
Behalwe haar liefde vir toneelspel en openbare optredes is sy ook besig om haar eie boek te skryf. (1)

1.10 As <u>in die</u> uitgespreek word as <u>innie</u>, noem ons dit … (1)

[10]

**Vraag 2: Opsomming**
Uit die leesstuk is dit duidelik dat Sheri Barnard anders as ander downsindroom-persone is. Haal nou SEWE feite uit die leesstuk wat aandui dat sy dinge regkry wat geen ander downsindroom-persoon nog reggekry het nie. Skryf die SEWE feite onder mekaar neer, in jou eie woorde en elke feit in EEN volsin. Jy mag nie meer as 70 woorde hê nie.

[10]

**Totaal: 20**

Hierdie bladsy mag gekopieer word.